Augustus 2018

# Stellenberger

## René is nou amptelik deel van die gemeente

Ds. René Potgieter is op Sondag 29 Julie, 'n heerlike, sonnige Kaapse wintersdag, amptelik in die gemeente bevestig. Getrou aan Stellenberg-tradisie was daar hartlikheid, vrolikheid en laaste maar nie die minste nie, ook lekker eetgoed om die nuwe leraar welkom te laat voel.





Op die foto regs is René saam met ds. Why Duvenhage en haar man, Dries en hulle twee seuns, Jaden en Joshua.  Dries en die seuns gaan tot die einde van die jaar in Beaufort-Wes aanbly om werk- en skoolverpligtinge daar af te handel.





Foto links:  Leraars uit die Ring van Durbanville, oudleraars en René se nuwe kollegas het geleentheid gehad om haar tydens die bevestgingsdiens,  te verwelkom.  Haar broer, ds. Francois Herselman (foto heel regs), leraar by die NG Kerk Parow Panorama het ook die erediens bygewoon.

# ’n Nuwe predikantespan

deur: ds. Marius Breytenbach



Met die bevesting van ds. René Potgieter betree ons ’n nuwe fase in die gemeente. Ons is opgewonde om sekere take en funksies in die predikantespan aan te pas om meer gefokusde dienslewering te verseker. Eerstens word ds. Why Duvenhage se pos omskep na ’n meer omvattende getuienispos en hy sal hom voortaan grootliks op die getuienisbediening toespits wat die kern van die gemeente se visie vorm. Drie poste word aan gemeentebediening toegedeel en die vyfde ene aan jeugbediening. Brenda Visser, kinderwerker vorm ook deel van die jeugbediening.

Kortliks die volgende oor elkeen:

**Gemeentebedieningsposte (Di. Callie Visagie, Marius Breytenbach en René Potgieter)**

Die drie gemeentebedieningsposte is gerig op die bediening en ondersteuning van lidmate. Elke lidmaat word aan ’n predikant toegesê en ons het onlangs skriftelik alle lidmate in kennis gestel wie hulle predikant is. Indien jy onseker is, kontak asseblief vir Odette Basson (odette@stellenberg.co.za of 021 976 4519).

Alhoewel ons ’n groot getal lidmate bedien (ongeveer 5 300 lidmate), probeer ons almal deur kontak-, siekte- en pastorale besoeke bereik. Die drie gemeentebedieningsposte sluit in die kommissies wat verantwoordelik is vir toerusting, die geestelike versorging van die gemeente, eredienste, feeste, eiendomme, finansies en kommunikasie.

**Getuienispos (Ds. Why Duvenhage)**

Onder die getuienisbediening ressorteer alle uitreike, kerksamewerking (skakeling met ander kerke), die ondersteuning van sendelinge, asook naastediensprojekte soos onder andere die kosprojek.

Ds. Why Duvenhage sal in opdrag van die kerkraad prioriteit aan die identifisering en opleiding van leiers in die onderskeie uitreikgemeenskappe verleen. Hy sal ook gereeld deur die loop van die jaar die uitreikgemeenskappe besoek, sodat projekte soos kosprojekte en kleuterskole wat in dié gemeenskappe gevestig is, op ’n deurlopende grondslag opgevolg kan word. Die uitbreiding van naastediensprojekte, soos die kosprojek en kampe vir minderbevoorregte kinders, sal in samewerking met die Omgeetrust ook voorrang geniet. Hy sal steeds betrokke wees by vergaderings, prediking en gebedsbediening.

**Jeugpos (Ds. Peter Kotze)**

Die jeugpredikant se pligte bly onveranderd en ds. Peter Kotze is steeds verantwoordelik vir die bestuur en koördinering van die totale jeugbediening in ooreenstemming met die jeug se visie: “Sodat elkeen Jesus sal ken en saam ’n verskil sal maak.” Die jeug se visie sluit aan by die gemeentevisie “om uit te reik oor alle grense” en daarom vorm die jeugbediening ’n integrerende deel in die uitleef daarvan. Die jeugpredikant hou ook toesig oor die aktiwiteite van die jongvolwasse-, tiener-, en kinderbediening, terwyl hy ondersteuning bied aan onderskeie werkers in hierdie areas.

# Ontmoet vir Danie van Niekerk



**Danie van Niekerk van Burenstraat is onlangs as ouderling verkies. Hy is reeds 'n ou bekende in die kategesekringe, maar Stellenberger het gaan inloer om die nuwe ouderling van nader te leer ken en aan die hele gemeente voor te stel.**

Danie het in Pretoria grootgeword, maar hy en sy gesin woon sedert 2002 in Stellenberg. Hy het in 2008 by Stellenberg se kategese betrokke geraak. "Ek het 'n wonderlike groep graad 11-seuns vir wie ek al leier is vandat hulle in graad 3 was," sê Danie. "Vir kinders het ek nog altyd 'n sagte plek gehad en dit is vir my lekker om my verhouding met my liefdevolle Hemelse Vader ook met hulle te deel. Ek hoop en glo dat hulle ook iets van sy genade en omgee in hulle eie lewens sal ervaar."

Danie, 'n prokureur en entrepreneur, het ook 'n groot voorliefde vir enige iets met wiele en 'n enjin. Naas die wiele is boeke sy groot passie. "'n Mens kan seker sê ek versamel boeke – enige boeke, van geskiedenis, politiek tot 'n redelike uitgebreide versameling Louis L'Amour-boeke."

Danie is getroud met Anna-marie en pa van twee tienerdogters, Anita en Lizelle. As gesin is hulle baie lief daarvoor om deur die land te toer en Mosselbaai is een van hulle gunstelingbestemmings.

Om ouderling te wees is vir Danie gelykstaande aan diensbaarheid. "Daar waar ek nodig is om enige iets spesifieks vir die gemeente te doen, sal ek beskikbaar wees om my deel te doen. Ek en my vrou het in die NG Kerk grootgeword en die kerk is vir ons 'n geestelike tuiste. Dit is vir ons belangrik en lekker om in ons plaaslike gemeenskap betrokke en diensbaar te wees. 'n Mens hoop dat jy op dié manier 'n klein verskil in ander se lewens kan maak."

"Van ons kant is dit vir ons net 'n voorreg om Danie tot die kerkraad te verwelkom en ons is seker hy gaan 'n groot aanwins vir die hele gemeente wees," sê ds. Why Duvenhage, voorsitter van die kerkraad."

# Vosburg Karookuier



Ons nooi lidmate na ons jaarlikse gesellige kuier saam met die NG Kerk Vosburg. Die Vosburg Karookuier is jaarliks Vosburg-gemeente se grootste fondsinsamelingspoging. Dié gemeente met sy honderdtal lidmate besoek ons op Vrydag 7 September en sal Stellenbergers weer met Karoovleis en ander egte Karooprodukte, wat hulle te koop sal aanbied, bederf.

Kom kuier saam op Vrydag 7 September vanaf 15:00.

# 800 Serpe en 840 musse word met trots gedra



Die handwerk word uitgestal voor dit aan die uitreikspanne oorhandig word.  Die breigroep oorhandig die musse, serpe en truie aan ds. Why Duvenhage, uiteikkoördineerder, voor die uitreike begin.  Die span breiers is reeds aan die werk vir 2019 se uitreike.











**Die gemeente se breigroep het gebrei dat die penne klap en binne ses maande het die span nie minder nie as 800 serpe, 840 musse, 100 truitjies en 50 pare handskoene gebrei.**

Die breiers se toewyding en vinnige vingers het dit vir uitreikspanne moontlik gemaak om warm serpe en musse aan Karookinders te oorhandig.  Wat kan dan nou lekkerder wees as om 'n kind of bejaarde met 'n heerlike warm serp of mus te bederf?

"Die stralende gesiggies vertel van die dankbaarheid, waardering en warmte wat hierdie pragtige, handgemaakte geskenke gebring het.  Ons is opreg dankbaar teenoor ons toegewyde breispan wat met soveel liefde die mooi warmgoed brei," sê ds. Why Duvenhage, uitreikkoördineerder.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# 740 Komberse saam op uitreike

**Die borg-'n-bersie-projek wat deur die jeugbediening gedryf is, het dit vir uitreikspanne moontlik gemaak om 260 komberse in Beaufort-Wes uit te deel, asook 300 in Leeu-Gamka, 100 in Prins Albert en 80 in Calitzdorp.**

"Lidmate het die projek met skenkings van komberse ondersteun," sê ds. Peter Kotze, jeugleraar, maar heelwat het ook kontantbydraes gegee waarmee ons toe komberse by Pep Stores kon aankoop. Ons het 'n spesiale prys met die winkelgroep beding. Dit bly 'n voorreg om vir kinders in die koue Karoo iets warms te gee, hetsy 'n bordjie warm sop, 'n lekker warm mus of serp, of 'n snoesige kombers."

Op die foto regs oorhandig een van Stellenberg se uitreikers, Henri van Niekerk, 'n kombers aan 'n gestremde seun. Dit lyk asof woef ook sommer gaan warm slaap.




# Uitreike – die somme wil nie meer klop nie

**"Daar gebeur werklik wonderlike goed, tot eer en uitbou van die Koninkryk, tydens ons gemeente se uitreike," sê ds. Why Duvenhage, uitreikkoördineerder. "Lede van ons uitreikspanne sal self getuig watter positiewe impak ons besoeke op die inwoners van die ag gemeenskappe wat ons besoek het, gehad het. Maar die uitreike se finansies het nou ongelukkig 'n tikkende tydom geraak."**

Why vertel dat die onkoste verbonde aan uitreike jaarliks meer raak, terwyl die inkomste krimp. Die uitreike word uit drie bronne befonds: Eerstens beloop die inskrywingsgeld om aan 'n uitreik deel te neem R1 100 per persoon. Tweedens sub-sidieer die kerkraad elke inskrywing met R300, want ons besef om saam te gaan verg 'n groot bedrag geld, veral vir sommige gesinne waar meer as een gesinslid aan die uitreike wil deelneem. Laastens word die uitreike deur donasies en deurkollekte aangevul.

"Die onkoste verbonde aan uitreike het in die laaste twee jaar skerp gestyg," sê Why. Hy verduidelik dat hemelhoë brandstofpryse, die huur van sleepwaens en voertuie, asook stygende voedselpryse uitgawes die hoogte laat inskiet. Dit kos gemiddeld R100 tot R120 per persoon, per nag, vir verblyf in skoolkoshuise op die dorpe wat besoek word en etes beloop ongeveer R500 per persoon. Saam met vervoer en ander uitgawes beloop die onkostes dus R2 000 per persoon, wat ons met 'n van R600 vir elke uitreiker laat.

Why sluit af: "Ons sal dringend alternatiewe inkomstebronne moet vind, anders sal ons ernstig moet oorweeg om ons uitreikbestemmings af te skaal."

# Laboratoriumpret by vakansieprogram

Ongeveer 100 kinders het daagliks aan die vakansieprogram wat tydens die Julieskoolvakansie aangebied is, deelgeneem. Wetenskapeksperimente, waarvan die maak van spookasem een was, was aan die orde van die dag in mnr. Albert Einstein se Power Lab.

Brenda Visser sê die kinders se opgewondenheid en die positiewe terugvoer wat ouers oor hulle kinders se belewenis van die vakansieprogram gegee het, was vir haar 'n aanduiding dat die program 'n groot sukses was.

'n Pa, Pieter de Swart, wie se seun en maatjie die program saam bygewoon het, sê: "Ons het die kinders werklik lanklaas so opgewonde oor ’n kerkprogram gesien. Hulle kon nie uitgepraat raak oor alles wat deur die dag gebeur het nie. As ouers het ons opregte waardering vir al die detail, moeite en liefde wat in die projek ingegaan het."






## Onderwyssondag

Gesamentlike diens
2 September 09:00 in die Kerk

Ons gemeente word deur skole en opleidingsinstansies omring. Tydens dié erediens wil ons saam die voorreg vier om as gelowiges deel te wees van ons kinders en jongmense se vorming.



# Stellenberg se medewerkers in Kokstad

**Ds. Christo en Deleste Wooding is nou al 25 jaar werksaam op Kokstad. As jong afgestudeerde het hy op die Isilimela-sending-stasie begin werk en in 1993 na Kokstad verhuis, waar hy steeds in die bediening staan.**

Sy bediening strek oor 'n wye geografiese area. Christo verduidelik sy hoofgemeente is op Kokstad. Daar is ook nog ses buiteposte rondom die dorp, waarvan die verste een 40 km weg geleë is. Verder is hy ook tans die enigste leraar in die ring, wat beteken dat hy ses ander gemeentes met buiteposte so ver as 180 km van Kokstad af moet bedien. "Ek lê maandeliks ongeveer so 2 000 km af. Die afstande in die Transkei is nie altyd so groot nie, maar die grondpaaie is baie sleg. 'n Mens ry dikwels tot twee uur om 50 km af te lê," sê Christo.

Volgens Christo is die voertaal in sy bediening meestal isiXhosa. Sy 460 lidmate in die Kokstad-gemeente is almal Xhosasprekend en so ook die 810 lidmate in die gemeentes op Lusikisiki en Bambisana. Dan bedien hy ook nog ongeveer 500 lidmate in Sipetu 290 lidmate in Maluti.





"Die groot geografiese area wat ek tans moet bedien, asook die groot aantal gemeentes, bemoeilik my werk en is vir my 'n groot uitdaging," sê Christo. "Ek kan net hoop dat ons eendag weer al die vakante poste in die omgewing gevul sal kry. Van die poste is al meer as tien jaar vakant en dit raak moeilik om al die werk binne al die gemeentes te hanteer. In elke gemeente is daar soveel potensiaal opgesluit en dit frustreer my eindeloos dat ek nie tyd het om dit werklik te ontgin en ontwikkel nie. In dié verband help leiers van die plaaslike gemeenskappe my baie. Ons het ongelooflike leiers in die onderskeie gemeentes en die gereelde opleiding van die leiers is vir ons 'n groot prioriteit. Die gemeentes wat nie sterk plaaslike leiers het nie, ondervind uiteraard die meeste probleme."

Christo vertel dat sy droom vir Kokstad sou wees dat hy in die laaste jare van sy bediening die geleentheid sou kry om net Kokstad se dominee te wees. Hy en Deleste sou graag al hulle tyd en energie aan Kokstad se gemeente met sy buiteposte wou wy.

"Vir ons lyk dit tans onmoontlik," sê Christo, "maar vir die Here is alles moontlik."



**Foto links bo:** 'n Doopplegtigheid in Waterloo, 25 kilometer buite Kokstad. Ons het die kerk ongeveer 25 jaar gelede saam met Stellenberg-lidmate gebou.

**Foto regs:** 'n Erediens by Waterloo buitepos.

**Foto links onder:** 'n Begrafnisdiens van ons ouderling op Brooksnek buitepos.